

en stap agteruit die helling op, seggende dat hy so gemakliker kan loop. Natuurlik gaan dit soms met val oor klippe of trap in gate gepaard.

En tog het hy 'n plan opgevat om van Kaapstad na Kaïro te voet te stap. Hy gee sy plan aan Oom Lokomotief te kenne en nooi die om met hom die reis te voet af te lê. Om hom nie aanstoot te gee nie willig Oom Lokomotief vir die pret in en moes soms 'n lag onderdruk om na die onpraktiese planne van Pannevis te luister. Op alles sê Oom Lokomotief maar: »Ja, ja«. Op 'n sekere dag nooi Oom Lokomotief sy vrind uit om die agtermiddag by mnr. Perold (vader van dr. J. A. Perold), wat maar enige honderde treë van waar hulle sit en gesels, woon. En tot vermaak ontvang Oom Lokomotief van die trans-Afrika-wandelaar die antwoord: »Wat? Wil je hebben dat ik daarheen moet vliege? Je weet ik ben 'n slegte looper.« So is daar nog meer sulke sonderlinge staaltjies van die groot Ontdekker van die waarde van Afrikaans. Sonder die naam van Arnoldus Pannevis is die geskiedenis van die Afrikaanse taal onvolledig.

§ 6 — »ONS SKRIJF SOOS ONS PRAAT«.

Die stelling »Ons skryf soos ons praat« het baie penne in beweging gebring sonder egter die ware bedoeling daarvan te begryp. Tot 1875 het ons Hollands *geskryf*, maar Afrikaans *gepraat*. Hieraan wou die Genootskap 'n einde maak. Die aanvallers op die stelling het deurgaans getoon, dat hulle meer taalgeleerd as prakties was. Wat is die nut om 'n

taal te praat en 'n ander te skryf? Die Genootskap het die onsin hiervan ingesien om in een taal te dink en in 'n ander te skryf en ook besef dat dit nooit met 'n eie kultuur sal rym nie. Om die gedagte neer te skryf in woorde, waarin die skrywer nie gedink het nie, kom neer op 'n *vertaling* van die gedagte in 'n ander taal — wat niks anders beteken nie as 'n remskoen aan die pen van iemand wat 'n kort tyd op skool deurgebring het. Dit was die wyer bedoeling van die Genootskap om 'n end hieraan te maak.

In die enger sin alleen beskou, sou dit dwaas wees om elkeen maar toe te laat om te spel en te skryf soos hy praat. Al bestaan daar in Afrikaans geen dialekte nie, daarin kom tog voor plaaslike afwykings. Toe het die vraag by die Genootskap ontstaan: »Watter wisselvorm van een en dieselfde woord is die verkieslikste?« Die taalgeleerdes antwoord: »Die beskaafde«. En dan begin hulle onder mekaar te twis wat *beskaaf* is. Om 'n voorbeeld te noem: *Speul* en *veul* is ou Hollandse woorde net soos *perd* en *blom*. Maar *perd* en *blom* (soos alle Afrikaners dit uitspreek) mag ons as beskaafde woorde skryf; dog *speul* en *veul* (ook soos alle Afrikaners dit uitspreek) mag ons nie skryf nie — glo omdat dit *onbeskaaf* beskou word. En so is daar 'n menigte gevalle wat 'n wyse gek sou maak. Deur die skrywer toe te laat om die woorde te skryf soos hy die gebruik, kon die redaksie op hoogte gestel word watter skryfvorm die volk verkies. Met ander woorde: die redaksie het die volk laat kies watter skryfvorm hulle verlang, want dis die bevolking wat die spit moet afbyt met 'n moeilike skryfvorm wat vir die gros ver te geleerd is. Waarheen die latere ontwikkeling van die skryftaal sou

heen loop, was aan die toekoms toevertrou, terwyl die Genootskap uit die staanspoor met die minder bevoorregtes te doen gekry het. En dit wil die eensydige beoordelaar in ons tyd maar nie insien nie. In 'n proefskrif het iemand beweer: as die Genootskap hoër gemik het, sou die geleerdes toegetree het, 'n ander proefskrif het dit amper in dieselfde bewoording oorgeneem, en vandag word die leer aan die opkomende geslag as ja-ja verkondig. Toe een van die lede van die Genootskap dit lees, roep hy ewe ernstig uit:

»Wat toegetree het! Dit was immers die geleerdes hul plig om meegewerk te hê, die voortou gevat te hê en ons nie so laat sukkel het nie! Hulle het in plaas van ons leiding te gee met hande oormekaar bly sit en ons gedwarsboom waar hulle maar kon. Waarom het hulle ons nie kom help nie, toe ons, omring van so baie vyande, geswoeg en alles moes opoffer? Ons het die pad vir hulle aangewys, maar hulle het stil bly sit. Dit was mos nie 'n saak van die Genootskap *alleen* nie, maar net sowel van hulle en van die hele volk. En nou kom hul fout vind!«

Hierop antwoord 'n ander: »Shakespeare het gesê: *what is, is right*. Dus sake moes so geloop het. Weet jy wat die geleerdes sou gedoen het? — In plaas van die demokratiese weg in te slaan om die volk te laat kies het, sou hulle outokraties opgetree het deur uit die staanspoor vaste reëls neer te lê en daarby gevoeg het: *só en só* moet julle skryf!«

Dadelik merk die eerste spreker op: »Nou is die pad vir hulle reggemaak; waar ons met ons ossewa stamp-stamp moes ry, gly hulle met hul motorkarre langs. Dis tans so dood gemaklik om te sê: hierso

moes hulle hierdie knikkie gegruis het, en daarso moes hulle daardie rots heeltemal weggespring het; hier makeer 'n brug en daar 'n tunnel, ens. Dit was mos net so goed hulle werk, en die geleerdes indertyd het nie 'n vinger verroer om ons leiding te gee nie.«

Met kalm en onpartydige nadink sal elke verstandige man moet verklaar dat die Genootskap die regte weg ingeslaan het. Dit is immers die volk wat hul spreektaal self gemaak het sonder geleerdheid daarby, en dit was 'n eer aan die Genootskap om aan die bevolking oor te laat om te kies die skryftaal wat hulle die beste verkies. Is dit bereik, dan eers tree die taalkenner op om te verbeter waar dit gebrekkig is, en aan te vul waar dit te kort skiet. En as die kunstenaar dit verkies om die pluim van sy skryfskag daaroor te stryk, dan is die genot hom ook nie misgun nie, maar dit val nie onder pionierswerk nie.

Afgesien van hoë letterkundige waarde en taalpronkery kan die periode »Ons skryf soos ons praat« ongetwyfeld die interessantste tydperk in die Eerste Afrikaanse Taalbeweging genoem word. Wie daardie tyd nie saam deurgemaak het, kan haas geen denkbeeld daarvan vorm nie, van die vrolikheid en lewenslus, wat dit by die bevolking opgewek het — 'n volk wat al die tyd met hul eie gedagtes opgeskeep gesit het. Dit was net soos wat plaasvind in 'n groot houtbos: Dit is kniediep-voordag, stik donker en geen stem word gehoor nie. Eindelik stoot skemerdag sy dowwe lig aan die oostekant uit. Die voëls ontwaak uit hul nagtelike sluimer, die een tjiip, die ander fluit, nog meer skreeu met helder, met onwelluidende en met skor stemme totdat die hele woud weergalm

van sang en lieflike akkoorde. Elkeen voel opge-ruimd en beziel met die drang om dit met hartelus uit te voer. Net so was dit met die volk, wat so 'n kort tydjie op skoolbanke deurgebring het, wat in 'n nag van duisternis gedroom het en nou gaan daar 'n lig op wat nuwe beloftes met hom meebring. Want die *Patriot* roep hul toe: »Skryf soos julle praat! Wat daaraan gebrekkig is, sal ons regmaak.« Die stem was nie in dowe ore geval nie, geskifte het uit alle oorde van die land toegestroom. Ongeduldig het hulle die pos gesit en afwag wat die *Patriot* sou bring waarin hul stuk in druk te lees staan. Ander sien hoe flink hul medelandgenote skryf en wou nie laat sleg lê nie en gryp ook na die pen.

Dit was 'n uitstekende plan om die mense aan lees te kry, want as iemand 'n stuk aan 'n blad geskryf het, wil hy nie alleen die stuk in druk oorlees nie, maar ook lees wat ander skryf, sodat hy die volgende keer beter bydraes kan lewer.

Gelyktydig roep die *Patriot* sy lesers toe: »Rym, kéréls, rym! Wat verkeerd is, sal ons regmaak.« En die stem het 'n towerkrag besit! Wie kon, en wie nie kon nie, rym dat dit 'n waarheid was. Weer 'n oorwinning! — nie juis op letterkundige gebied nie, maar om skryf- en leeslus op te wek. En om die lesers aan te moedig, sê die redaksie: »Ons het nie geweet dat ons sulke goeie digters in ons land het nie.« Sommige van die teenswoordige beoordelaars spot met hierdie gesegde en neem dit in erns op asof die ou baanbrekers tussen goeie en slegte poësie nie kon onderskei nie. Die doel was slegs om lees- en skryflus by die minder-bevoorregtes op te wek.

Aan die oorstuur van sulke geskifte aan die *Patriot*

was in daardie dae nogal baie ongerief verbonde: skryfpapier in die binnelande was duur en nie altyd te kry nie. Die posgeld op 'n brief van 'n halwe ons was vier pennies en soms was die naaste poskantoor ver van die boerplaas. En dit in die dae toe geld so bitter skaars was.

Is dit denkbaar dat 'n ander plan as »Ons skryf soos ons praat« die nie-lesers gouer, of net so gou, sou gevang het? Kyk maar hoe sukkel ons nou in ons verligte tyd om die nie-lesers, wat die skool verlaat het, aan die lees te kry. Ons kom in § 8 weer op hierdie belangrike punt terug.

Uit al die bydraes van heinde en verre kon die redaksie vasstel wie van die skrywers die beste taal gebruik, kon daarvan oorneem wat hy mooi vind en weglaat wat minderwaardig is. Op hierdie manier het »Skryf soos julle praat« baie bygedra om Afrikaans te maak wat dit vandag is. Selfs vir die skrywers was dit van groot nut dat elkeen in die begin geskryf het soos hy praat; want almal was onbedrewe leerlinge in 'n pas geopende skool. Die een skrywer het op die ander verbeter net soos die Tweede Beweging vandag nog doen om Afrikaans verder te ondersoek en te ontwikkel dan waar die Eerste dit gelaat het. Die veiligste pad staan nou nog oop: om te luister hoe die volk oor die hele land dag na dag spreek. Word dit nie gedoen nie, dan sal die spreektaal en skryfvorm eerlank verder en verder van mekaar wegdraai.

Die stelling »Ons skryf soos ons praat« was met skitterende sukses in Suid-Afrika moontlik gemaak omdat ons in Afrikaans geen dialekte het nie; in Holland, in Engeland en ander ou lande is soiets

onuitvoerbaar, omdat hulle daar in één land so baie dialekte of gewestelike sprake het.

Die redakteur van die *Patriot*, Oom Lokomotief, het 'n besonder goeie slag besit om met sy minder-bevoorregte lesers om te gaan; hy het geweet met watter element van ons volk hy te doen het, daarom het hy hulle steeds tot skrywe en rym aangemoedig. Dit is wonderlik watter vat die soort rympies, met hul fyn humor, skerts en spot, wat daarin sit, op die gevoel van die mense gehad het. Want om kuns te kan waardeer, moet iemand daarvoor opgelei wees. Maar om iets grappigs raak te sien is 'n ingebore eienskap waarmee die Afrikaner nogal ryklik bedeed is. President Reitz se gedigte word vandag nog op die platteland meer gewaardeer as die mees geprese poësie van die moderne Afrikaanse digters. Wanneer ons die ware toestand nie oor die hoof wil sien nie, laat soiets hom gemaklik verklaar. In Kaapland was vóór 1873 geen standarde in skole bekend nie. Van genoemde jaar af was standarde I tot IV stelselmatig ingevoer — wat meestal in dorpskole bestaan het. Die buiteskole het gewoonlik hul eie gang gegaan en selde het 'n leerling in buiteskole standaard IV bereik. Waar is nou die kans om kuns te bestudeer? Of om dit aan die aandag van die kinders te bring? Dit wil sê, as die meester iets van letterkundige kuns verstaan het. Wat die lesers meer nodig gehad het, was kultuur-historiese geskrifte — en dit was aan hulle ryklik besorg. Hierdie punt vereis breedvoeriger toeligting, so kom ons in § 9 hierop weer terug. Die ondervinding leer ons, kinders in st. III skryf maar nog baie gebrekkig en dus is dit baie onbillik om kuns van daardie mense te verwag; en,

om hul nie doofstom tuis te laat sit nie, is om die rede aan hulle verlof gegee »skryf soos julle praat«. In sy gesels is die Afrikaner 'n grapmaker, 'n humoris en nie juis 'n woordkunstenaar nie. Soek asseblief aan 'n roosboom tog geen angeliere nie.

Met hierdie kennis van bevolking, en die toestande waaronder hulle leef, het die Genootskap aan die lesers geestesvoedsel verskaf wat hulle gemaklik kon verteer en het van hulle terug ontvang die vrug daarvan wat terselfdertyd tot aansporing vir hul medeburgers gedien het.

Nog 'n ander voordeel, wat die redaksie ontleen het aan »ons skryf soos ons praat« is die groot skat van uitdrukkings en woorde wat vir die Afrikaanse Woordeboek nodig is; want dit was immers in hul plan begrepe om later 'n woordeboek uit te gee — iets wat eindelik verwesenlik is.

So kan nog 'n verder voordeel opgenoem word: dat die skryfvorm uit staande voet populêr onder die lesers geword het — so anders as met die gebonde Hollandse styl waarmee hulle altyd gesukkel het en nie kon reg kry nie.

Vir die wetenskaplike studie van die volkskarakter is dit 'n uitstekende plan; want hier luister ons nie na die taal van vertoon van geleerdheid nie, maar na die roersels van die hart en siel. Hier praat die natuurlike mens en nie die gepoleerde kunstenaar nie. Ons let op sy helder kyk op die natuur waarvan hy 'n kind is. Hy sien ongerymdhede en stel dit belaglik voor. Hy toon ons die spieël van sy siel waarin sy deugde uitblink en sy swakhede teruggekaats word. Ons kry dus te doen met ware mense en druk die hand van die vader, die moeder, die

jongeling, die dogter van die land. Ons herken die voortrekker, die jagter, die gewapende burger op kommando, die boer op sy plaas en die ambagsman by sy werk. Ons luister na hul vermaaklike spot, ons hoor hoe hulle ou tradiesies verdedig en iemand uitdaag om te bewys dat 'n nuwe instelling beter is as 'n ou beproefde.

En dit alles is geskryf in die woorde soos hulle praat.

Die verlot om te skryf soos gepraat word, was maar 'n tydelike hulpmiddel en kan nooit tot doel gehad het dat dit vir altyd so sal voortduur nie. Die vergunning was geleidelik ingekort en so het die skryftaal vaster en meer eenvormig geword.

Vir my is daar geen apologie nodig nie. Maar al von Wielligh (as die laaste stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners) se lesers sal eenparig verklaar, dat hy die beginsels deur die Genootskap neergelê, trou deurgaans in al sy geskifte bly handhaaf het — naamlik om die spreektaal te respekteer en om die idioom suiwer vir die nageslag te bewaar. Iets wat deur 'n dankbare nageslag gewislik gewaardeer sal word. Hierin moet die verdienste van al sy voortbringsels beoordeel word. Soms het hy in sy pogings geslaag en baie maal nie — dit weet hy self net so goed as sy beoordelaars. Tans staan hy alleen, en is hy eerdaags stof tot stof, dan sterf die ou bedéling met hom; maar hulle werke, en die fondament wat hulle gelê het, sal alle storms en aanvalle trotseer soos die Pêrelse rots, in die skaduwee waarvan hulle vergader en gewerk het.

§ 7 — SPELLING EN SKRYFVORM.

Die Spelling word vir die lesende publiek gemaak en nie juis vir taalgeleerdes nie. Die saak is heel gemaklik wanneer daar nie 'n ouer skryfwyse bestaan nie waar die lesers eenmaal gewoon aan geraak het. Die laaste was juis die geval in Suid-Afrika waar 'n Nederlandse spelling op skole geleer word. En aangesien Afrikaans en Nederlands voortgespruit het uit die Hollandse taal van die 17de eeu, moes die ou spelling enigsins geëerbiedig word.

Daarom was dit 'n natuurlike vraag »hoe moet ons spel?« wat hom by die ou Genootskap opgedring het.

Die oumense was gewoon om hul ou Statebybel, met die dik swart letters, te lees; dit was immers in die ou dae hul vernaamste leesboek op skool. Baie teen hul sin word die spelling verander in die teenswoordige skryfwyse. Liewers het hulle behou: *Ick* en *Ghy* (in plaas van *Ik* en *Gy*); *van Jesi Christi*, of *in Jesum Christum*, *Ghy èn zult niet steelen*, of *dingh*, of *Eynde der Aerde*, ens. as die moderne Nederlandse spelling. Hier is natuurlik sprake van die verafgeleë binnelande alwaar die ou Statebybel die botoon gevoer het. Die jonger geslag egter het die ou swart druk nie so maklik as die Latynse letter gevind nie, want die laaste skryfwyse is wat op die skole in 1875 gevolg was. Dus het die Genootskap met al die partye te doen gehad en het die slag besit om almal te bevredig deur vereers nie te ver van die moderne Nederlandse skryfvorm af te wyk nie — waar 'n letter in Afrikaans in die uitspraak weggelaat word, is die plek in geskrif met 'n afkappingsteken

aangedui, soos in *vo'el*, *we'er* ens. Selfs het hulle nog die onbepaalde lidwoord *een* en nie 'n nie, geskryf.

Daar was vier hoofpunte wat hul aandag geverg het: —

1. Die geleerde Suid-Afrika,
2. Minder-bevoorregte Suid-Afrika,
3. Die Bybel en Gewyde boeke,
4. Woorde wat verskil van Nederlands.

Wat punt één betref was daar nie veel oor te redeneer nie. Die geleerdes is altyd in staat om enige spelling te volg. Weens hul heftige teenstand teen Afrikaans was dit onnodig om vereers met hulle rekening te hou. Nooit sou hulle hul laat oortuig nie; en deur hulle van die baan te skuif word die werksaamhede van die Genootskap daardeur vergemaklik. Hulle was soos die wet- en skrifgeleerdes van ouds wat laste op die skouers van ander gelê het en nie 'n vinger bygesit het om dit ligter te maak nie.

Aangaande punt 2 was dit aan die Genootskap duidelik, dat hul arbeidsveld die minder-bevoorregtes was. Die mense het geestelik honger en dors gelei, op skool het hulle die geleentheid nie gehad om Nederlands en Engels grondig te leer nie; om die rede kon hulle hul daarin nie behoorlik uitdruk nie. Die enigste taal wat hulle kon praat was Afrikaans en dit lê voor die hand, dat hulle die eerste sou toetree om mee te help om hul moedertaal te kan skryf. Dit was alles so duidelik as ons beeld in 'n spieël en daarom het die Genootskap al hul kragte en vermoë in die rigting aangewend. Ofskoon die volk nie so geheg was aan Nederlands nie, het hulle gemeen dat die manier van spel volmaak was, en daarom sou dit van die Genootskap onverstandig

gewees het om meteens 'n doeltreffende Afrikaanse spelling in te voer. Die oorgang moet ongemerk plaasvind. En dit is om hierdie rede dat die Genootskap nie meteens vaste reëls wou vasstel nie, hulle het wel elementêre spelreëls aan die hand gegee om in geskrif te volg — naamlik vir dié wat dit kon vat. Was die aanleer van die paar nuwe spelreëls te lastig, dan kon hulle maar skryf soos hulle praat en die redaksie het verbeter. Dit verklaar meteens die feit waarom die Genootskap uit staande voet — nes die Afrikaanse Taalvereniging (A. T. V.) en die S. A. Akademie — nie vaste spelreëls opgestel het nie.

In verband met punt 3 betreffende die spelling van die ou Statebybel het die Genootskap rede genoeg gehad om dit nie te bestendig nie, omdat dit reeds deur skoolonderwys geleidelik verdring geword het. Dit is wat die spelling betref. Maar die bybeltaal (met beoefening van huisgodsdienste en aanluister van openbare preke, selfs as taal van skoolboek) het 'n groot invloed uitgeoefen op die veraf wonende binnelanders om verhewe gedagtes in uit te druk. Dit was aan die eerste skrywers nie onbekend nie. En om die aandag van daardie mense te dien, het die skrywers uit die ou Beweging gebruik gemaak van retorika wat tans uit die mode beskou word en soms beskryf word as »verouderd« of »mooidoenerigheid.« Maar 'n voël moet ons vang met die soort gefluit wat hom die beste behaag. Dit verklaar meteens die tiepiese hoogdrawendheid wat openbare sprekers en skrywers van die ouer geslag gemeen het. Meer as die moderne kuns en sielkundige ont-plooiings het die »verouderde retorika« en »mooidoenerigheid« by die minder opgeleides ingang ge-

vind. Luister maar na die gebede van daardie mense en slaan ag op hul aansprake op feeste, op bruilofte en byeenkomstes op verjaarsdae en nuwejaar. Die ou garde — ofskoon toe nog maar jonk — het goed die kuns verstaan om lesers te lok, en om lesers aan die lees te hou.

Die 4de punt, waaraan die Genootskap hul aandag gewy het, was die spelling van woorde wat van Nederlands verskil. In hierdie geval was daar geen ander weg oop nie as om die Afrikaanse uitspraak te volg; maar ter selfdertyd moes dit vereers van Nederlands nie te ver afwyk nie. So het hulle geskryf: *o'emblik*, *o'ereenkoms*, *bobbejaan*, *vark*, *koei*, *opgeefsel*, *erdvlooi*, *rolvarkie* of *krimvarkie* (vir Holl. egel), *fiskaal* of *laksman* (vir Holl. grauwerkster), en so meer. Die intervokaliëse *g* het hulle by voorkeur behou in sulke woorde as: *egge*, *oge*, *brugge*, ens.

Dit is onnodig om weer terug te kom op hoe die Genootskap die *ij* in *y* verander het, hoe hulle die *ch* weggelaat het in sulke woorde as: *mensch*, of dit deur *g* vervang het in sulke woorde as: *jag*, *nag*, *wagter*, *dogter*, die *z* in *s* soos in *son* die *c* in *s* soos in *syfer*, *x* in *ks* soos *ekstra*, *au* in *ou* soos *blou*, ens. ens.

Ons sal liewers die woorde wat van Nederlands verskil in die volgende klasse onderskei:

a). Vervormde Hollandse woorde soos: *koei* (koe), *nag* (nacht) *hoender* (hoen), *sensgat* (zundgat), *mossie* (musch), ens.

b). Verkorte Hollandse woorde soos: *glo* (geloven), *soos* (zooals), *nes* (net zooals), *re'en* (regen), *ploe* (ploegen), *volstruis* (struisvogel), *vark* (varken), *jong* (jongen), en nog meer.

c). Egte Afrikaanse woorde soos: *houtkapper*

(specht), *springsbok*, *brandsolder*, *driedoring*, *sonbesie* en ander.

Intussen het die redaksie van die *Patriot* hul aandag gedurig daaraan gewy om die lesers geleidelik op te lei om aan 'n vaste spelling gewoon te raak — iets wat 'n taalgeleerde ook moeite en tyd sou gekos het. Vandag nog vind ons mense wat verklaar: »Ek is te oud om die Akademiese spelreëls aan te leer.« Hoe veel minder kon mense, wat so min kans op skool geniet het, dit reggekry het om in die daeraad van die Afrikaanse skryftaal dit te oorwin. Dit is ook een van die redes waarom Afrikaans in die eerste helfte van die Eerste Taalbeweging nog so onvas was. En selfs in ons tyd heers daar nog verskil onder taalgeleerdes omtrent sekere vorme en woorde wat in die Akademiese Woordelys as wisselvorme voorkom.

Die Genootskap het egter die veilige middelweg gekies wat eindelijk daar vóór in die regte pad moet uitloop. Die bestaande bande tussen Nederlands en Afrikaans het die Genootskap nie wou afbreek nie. Maar het daarvan behou wat vir Afrikaans noodsaaklik was — altyd met die oog gerig op die doel: Ons wil suiwer Afrikaans en nie 'n gebrou van Kaaps-Hollands, of Hollands-Afrikaans hê nie.

Meer leestekens as nodig was, wou die redaksie van die *Patriot* nie aanmoedig nie. Hulle het beweer, dit sal te veel na Frans lyk. Maar die grootste beswaar was, dat dit telegramme, waarin leestekens moeilik is om oor te sein, onverstaanbaar maak soos b.v. »Stuur my twee ee«, of »Stuur my twee karosse«, of »Die leer is nie goed nie«. Met die leestekens lees dit: »Stuur my twee êe«, of »Stuur my twee

kar-osse« (ook twee ka-rosse), of »Die lêer is nie goed nie«. Daarom het hulle by voorbaat verkies om te skrywe *egge, karos, karros, legger* en dies meer. Die lettersetters is soms baie moedswillig of sorgeloos om nie die regte letters met hul leestekens bo op te gebruik nie, en proeflesers sien dit nie altyd raak nie — iets wat baie sinne onverstaanbaar maak.

§ 8 — WATTER LEKTUUR HET LEESLUS OPGEWEEK?

Wanneer 'n swak leser 'n koerant in hande neem, dan soek hy altyd die berigte oor geboorte, trou en sterfte die eerste op. Nooit sal sy oog 'n kort mededeling oorslaan nie. Daarom is kort artiekeltjies so doeltreffend om lesers te lok. Vertel iemand iets waarin hy belang stel, of wat sy nuuskierigheid prikkel, of waaruit hy iets sonder inspanning kan leer, dan sit hy met oop mond en luister. Oor iets belangriks roep hy uit:

»Dit is net wat ek wil geweet het!«

Daar is tog verhale en vertellings van gebeurtenisse wat meer ruimte eis as kort stories. In so 'n geval moet die skrywer die kuns verstaan om die verhaal te onderbreek op 'n geskikte plek, sodat daarop in die voortsetting in die volgende nommer van die blad die interessantste deel sal volg. Dit het dieselfde effek wanneer die gordyn in 'n toneelspel val. Charles Dickens het die kuns meesterlik verstaan om die leser nuuskierig te maak vir wat in die volgende

hoofstuk gaan plaasvind. Dit is wat 'n vervolgv verhaal so aantreklik in 'n tydskrif maak; die leser verklaar dan: »As jy eenmaal begin lees, kan jy nie weer ophou nie.«

Lang verhale weer aan die anderkant skrik die swak leser af, eweso stukke vol geleerdheid geprop wat ver bo die begrip van die menigte val, of vertellings waarin die gros geen belang skep nie. Die skrywer sê: „*Hulle behoort dit te weet.*” Of hulle dit nou behoort te weet of nie, maak die saak niks beter nie. Want dis die leser wat sy leesstof kies en die skrywer die reg ontsê om te dikteer. Dit is nouliks nodig om aan te stip, dat leesstof opgesmuk met allerhande geleerdhede en hoogdrawende kuns skaars die aandag van die ongeoefende leser trek om meer daarvan te weet.

Die eerste korrespondente van die *Patriot*, almal seuns en dogters van die veld, het met hul bydraes gou-gou getoon watter lektuur hulle beval het, naamlik die van kultuur-historiese aard. Die lesers het dan ook nie in gebreke gebly om te veroordeel wat nie in hul smaak geval het nie en goedgekeur wat vir hulle mooi was.

Deur die *Patriot* en *Ons Klyntji* na te blaai om die inhoud daarvan te bestudeer word die volgende ons duidelik:

Dit bevat lektuur van baie grapperige aard. Die Afrikaner beskou iets graag van die luimige sy, hy kan met iemand fyn die spot dryf en onder swaarkry kan hy nog lag. So staan hierdie tydperk ook bekend as die Spotperiode.

Maar in die stryd vir bestaan het die Afrikaner dit opdraand gehad en graag vertel hy ook van sy

lyding en worsteling. Sy geskiedenis voer hom oor onbetreë velde, met vyande voor en agter. Elke bladsy daarvan tintel van Smart, Moedhou en Voorwaarts!

Daarin word vermeld van gevegte, jagte, opspoor van drosters en verset teen barbaar en wilde gediertes.

Daarin lees ons liefdeverhale wat die harte van jonk en oud, deur alle eeue heen, in warme gloed gesit het.

Daarin word bepleit vashou aan ou tradities; gevolglik was alle nuwighede in Kerk en Staat gedug gehekel. Dit was nie soseer om vooruitgang te dwarsboom nie, maar meer om die naäpers, wat dit nie kon regkry nie, in 'n belaglike daglig voor te stel. En dis hierdie sarkastiese spot in geskrif wat vir die nie-lesers 'n buitengewone bekoring besit het en hulle tot getroue lesers gemaak het.

Daarin tref ons ook vertellings aan van geheim-sinnige gebeurtenisse, van groot ontdekkings, van kunstige uitvindings, want Wonderland, deur al die tye heen, het altyd sy betowering vir jonk en oud nooit verloor nie.

En so was daar in die *Patriot* en *Ons Klyntji* nog meer gloeiende spatsels uit die smeltkroes wat van die Afrikaners 'n volk gemaak het. Daar was altyd te vind persone wat aan soiets deelgeneem het, en daar was jonges, vol moed en krag, wat bereid was om hulle te onderwerp aan die nukke wat 'n awontuurlike lewe so aantreklik maak. Die lees van sulke brokkies uit ons volkslewe was 'n aansporing om nog meer daarvan te lees.

Dit alles het die redaksie van die *Patriot* en *Ons*

Klyntji in toepassing gebring. Eers later het skrywers langer verhare aan die twee blaaië gestuur. Om 'n voorbeeld te gee van kort stukkies, haal ons enige aan uit *Ons Klyntji* van 1902 bls. 7 en 8 waar vier kolomme van sulke mededelings voorkom soos: —

»Die Eifel Toring is 8 duim korter in di winter dan in di somer, deur dat di yster krimp en rek.

Gefangene wat in Marocco gearresteer worde moet di poliis betaal fer di moeite om hulle na di tronk te neem.

Een fan di Buenos Ayres koerante het 'n spreek-kamer, waar armes dageliks geneeskundige hulp gratis kan kry.

In Noorwege leef di mense o'er algemeen langer dan in enige ander land fan di wereld.

Di Engelse spoorwege kos £ 50,000 per myl; die Duitse £ 20,000; en di Amerikaanse £ 11,000.«

Also word die vier kolomme gevul, en wees maar verseker dat een vir een gretig geles was — deur klein en groot mense. Die stukkies word egter langer totdat hul sluit met een van ongeveer hierdie legte: —

Grote Familiis — Min faders het so 'n groot famili as 'n applikant fer aflossing an di Birkenhead Guardians wat sê dat hy 70 jaar oud is en di fader is fan 24 kinders — di oudste is 50 jaar en di jongste nog 'n »baby«. Hy was egter twee maal getroud. Dr. Hudson fan York, wiins frou gestorwe is in haar 39ste jaar, had 24 kinders. Mnr. Joseph Cooper fan di selfde stad is fader

fan 26 en mnr. William Greenhill fan Abots Langby in Hertfortshire het ni minder dan 39 kinders gehad by een vrou. Freeslik!

Dit was werklik 'n plesier om te sien hoe gretig hierdie kort stukkie verslind geword is. 'n Lang verhaal, sê van 3,000 woorde, moet al baie interessant en boeiend geskrywe wees voordat 'n swak leser dit tot die einde sal lees.

Die Genootskap was vas daarvan oortuig dat die minder bevoorregtes gretig sal lees wanneer aan hulle besorg word geestesvoedsel, wat hulle maklik kan verteer. In plaas van om heeldag die ou deuntjie te sing *ons mense lees nie genoeg nie* het hulle vir doeltreffende leesstof gesorg. Dat hulle dit reggekry het, vereis geen verder betoog nie, want die bewyse daarvan is, dat die *Patriot* gegroei het tot die mees verspreide en gelese blad met die grootste aantal geesdriftige intekenare.

Watter soort leesstof wat die nie-lesers tot lees sal bring nie, is, soos reeds gesê, lang stukke met 'n vervelige inleiding. Die eerste wat so 'n leser doen, is om vorentoe te blaai om te tel hoeveel bladsye so 'n bydrae bevat. Is dit te lank na sy sin, dan lê hy die stuk opsy met die woorde:

»Ek het *nou* geen tyd om so 'n lang getal te lees nie.«

En wees maar daarvan verseker: hy sal nooit tyd daarvoor inruim nie.

Dat ons mense nie genoeg lees is in die geheel nie toe te skrywe aan gebrek aan leeslus nie, maar wel omdat hulle nie altyd die leesstof kan kry nie, waarna hulle verlang. Bo alles dra die hoë pryse

van boeke die skuld daarvan. Druk goedkoper boeke en merk dan op die verandering. Die Genootskap het dit glashelder ingesien. Opvoeding was by hulle nie geldmaak nie, anders sou hulle 'n ander weg ingeslaan het. Hier volg enige pryse van boeke deur hulle gedruk en verkoop: —

De Geskiedenis van de Vryheids Oorlog deur J. D. Weilbach en C. N. du Plessis, 420 bladsye met kaarte, 2 s.

Gebeurtenisse uit di Kaffer Oorloge, P. P. J. Coetzee, 9 d.

De Voortrekkers, zes Voorlezings, ds. J. D. Kestel, 6 d.

Wat Geld kan doen, 'n Verhaal, 9 d.

Di Skool op di Heide, boeiende Verhaal, 9 d.

Gevlug fir Liefde, J. T. Odendaal, 3 d.

Dire-Storiis, G. R. von Wielligh, 6 d.

Dit is bekend, dat 'n koerant en tydskrif gedryf word op die inkomste ontleen aan advertensies; ongelukkig was dit nie die geval met die *Patriot* en *Ons Klyntji* nie, want baie, baie min het daarin ge-adverteer; dus moes die Genootskap die onkoste uit verkoopgeld dek — en dit was gering genoeg.

Teenswoordig word anders gereken: ons sal julle opvoed, maar dan moet julle daarvoor goed betaal; want julle kan tog nie verwag dat ons verniet moet werk nie.«

Het die Genootskap dieselfde weg gevolg, wat het dan van hul poging geword om ons volk aan die lees te kry? Nee, ons moet werk vir Geld of vir Liefde. Werk ons vir geld, dan moet ons nie so geveins wees om dit vir 'n saak van liefde te verkondig nie. Die beste is dan om maar stil te bly, want deur

ons handeling word al ons praatjies geopenbaar.

Die rede waarom die Patriot-Drukkery so billik boeke kon verkoop, is, omdat die strewe was om *goedkoop leesstof te lewer* en nie soseer om pragwerk, op die duurste papier gedruk en in die sierlikste band gebind, in die *handel* te bring nie.

Die bewys verder is (dat die Genootskap by die volk leeslus opgewek het) hulle het deur hul boekhandel aan die Pêrel tot die jaar 1909 nie minder as 152.000 boeke verkoop nie; en hoeveel lesers het elke boek nie gevind nie? *Ons Klyntji* het oor die 2.000 intekenare gehad — meestal op die platteland wonnende — en hoeveel lesers was daar nie om sy inhoud te verslind nie? Dan die *Patriot* het sowat 3.000 intekenare gevind en hoeveel lesers was daar wat met hom kennis gemaak het? In ons tyd is daar koerante en tydskrifte wat op 'n baie groter lys van intekenare roem, maar hulle het reeds van die begin sterk geldelike en invloederyke steun agter hul rug gehad — iets wat die Genootskap nie ten deel geval het nie. Sonder kapitaal, sonder invloed en geen advertensies vir hul blaaië nie, het hulle dit alles met God se hulp reggekry en deur gedryf: Net soos met alle ministeries is dit politiek wat hul orgaan tot val gebring het, want die Genootskap was immers ook 'n politieke liggaam, die organiseerder van die Afrikaner Bond.

Solank die plan van die ou garde nie opgevat word nie, om goedkoop lektuur te lewer nie kan ons vir ons hees skreeu: *Ons mense lees nie genoeg nie* wat ons tog geen spelddikte vorentoe sal help nie — amper aldag vra nie-lesers my boeke om te leen. Dit mag beweer word: »In ons teenswoordige dae

word daar meer boeke verkoop.« Reg so! Maar waarom? — Omdat daar meer kinders op skool is, en daardie duisende kinders leer Afrikaans waarvoor Afrikaanse boeke nodig is. Maar vra liewers hoeveel van daardie kinders word lesers ná hulle die skool verlaat het? Hiermee moet rekening gehou word! Hoeveel van daardie seuns en dogters het 5/- of 7/6 om van hul sakgeld te spaar om leesboeke daarvan te koop? Dit natuurlik maak ons tyd 'n periode van Tydskrifte. Nou ontstaan die vraag: »Vind al daardie seuns en dogters altyd in tydskrifte die iets waarna hulle verlang?« En word die verlange nie bevredig nie, dan, so seker as in die geval waar water ontbreek, word die aangeleerde begeerte, om te swem, geweld aangedoen en sterf op langerlaas.

In plaas van om na die gebreke van die Genootskap met vergrootglase te soek, erken liewers met dankbaarheid die klein bietjie, of die groot weldade van dié baanbrekers aan land en volk betoon.

Laat ons feite vas in die oë kyk: hoe was dit in die dae van die Genootskap? Seker slegter op skoolgebied as nou wanneer ons tans al twee uur te perd op die platteland skole vind en 'n dosyn en meer onderwys-inrigtings in ons groot stede, en vyf of ses in ons groot dorpe het. Wat is nou die geval? Volgens die Superintendent-Generaal van Onderwys van die Kaapprovinsie was daar in 1922 nie minder as 122,000 kinders op skool waarvan maar 11,000 Standaard VI behaal en 6,000 Standaard VII. Dus bly daar duisende kinders oor wat daardie standarde nie bereik nie. Wat word van hulle ná hulle die skool verlaat het? Word vir hulle vir deeglike en goedkope leesstof gesorg? Baie roep uit: »Ja!« Ons

vra op ons beurt: »Kom bewys dit!« Sal kunsprodukte hulle bevredig meer as kultuur-historiese lektuur? Duur boeke meer as goedkope? Wat is die nuttigste leesstof vir hulle? Dan vind ons nog beoordelaars wat uitroep: »Om soiets te kom vertel in ons dae van vooruitgang....« Reg so, daar is vooruitgang in ons tyd op die gebied van »meer lees« — 'n slak gaan ook vorentoe en 'n krap, as hy nie so peuter om dwars te loop nie gaan ook skuins vorentoe. Kom toon ons onder daardie menigte die jongmans en jongmeisies wat sodanig smag na *kuns!* Want hulle het dit nooit in die laer standerds op skool geleer nie. Op hierdie punt kom ons later in die volgende artikel terug. Laat ons dit steeds in gedagte hou: die Genootskap het hulle met voorbereidende en kultuurwerk in die eerste instansie besiggehou — wetende dat kuns vir die ontwikkelde lesers later *moet* volg — maar dan moet hulle eers daarvoor voorberei word. Elkeen van die twee Taalbewegings het 'n taak om te vervul: die Eerste om die volk te oortuig dat ons 'n baie bruikbare taal besit, en die Tweede om die Afrikaanse taal hoër te ontwikkel waardeur dit nou — net 50 jaar ná die stigting van die Genootskap — as een van die twee offisiële landstale deur die parlement erken is — iets waaroor albei bewegings baie tevrede kan wees. Die Genootskap het die weg gebaan en aldus sy tyd met lof uitgedien. Op die rowwe fondament deur hulle gelê, is die Tweede beweging besig om die gebou met al sy versierings op te trek. En almal staan en afwag en kyk of die boustyl eg-Afrikaans of uitlands sal wees.

Die leser verstaan en vat die inhoud van 'n verhaal

veel beter as dit vertel word in die trant waarin hy self 'n gebeurtenis sou vertel. Die algemene manier hoe 'n Afrikaner sy verhaal meedeel, is om dit *te vertel* en nie juis om dit *voor te stel* nie — soos kuns dit nou meestal verlang. Van hierdie eenaardigheid het die eerste skrywers goed gebruik weet te maak en, om die volk aan lees te kry, het hulle hier die wyse van mededeling by voorkeur gevolg. Omdat die onvolmaakte verlede tyd van die werkwoord in Afrikaans nie bestaan nie, en ook omdat die Afrikaner sy verhaal in die teenswoordige tyd — net soos in Hebreeus — vertel, het sommige skrywers in die gewoonte geraak om die bywoorde van tyd 'n bietjie te veel te gebruik. Dit hinder die beoordelaars in ons tyd en hulle het soms onnodig te veel daaroor te sê. By sommige skrywers was dit meer 'n strewe om boeiende verhaaltjies te vertel, om daarmee leeslus op te wek, as om soseer ag op styl te slaan — reg of verkeerd!

Die minder-bevoorregtes, wat nie van jongsaf vir 'n letterkundige smaak opgelei is nie, openbaar die neiging van kinders en jongmense om na grappe, of na ware gebeurtenisse, of vertellings wat nie inspanning eis nie, baie graag te luister. Dis om hierdie rede dat die lede van die Genootskap nie swaar lektuur aan dié soort lesers aangebied het nie. Die doel was: kry hulle maar eers aan die lees, dan sal hulle wel vanself na beter leesstof van hoër gehalte soek — na mate die kennis toeneem, in die verhouding stel dit hoër eise aan smaak.

Om die verwaarloosde deel van die bevolking te bereik het die Genootskap begin opbou van die grondvlak waarop die mense hul bevind het. Sommige

beoordelaars is van mening dat die Genootskap nie tot die lae peil van die klas mense moes gedaal het nie, maar hoër gestaan en daar begin het. Teoreties mag hierin iets sit, maar prakties beskou sou dit op 'n mislukking heen gestuur het. Watter bewys het ons verder hiervoor nodig as dit: die Genootskap het uitstekend daarin geslaag om lesers te maak. Hulle doel is bereik.

»Ek het my onwys gehou,« het Paulus gesê, »om die wat onwys is te wen.« En wie het daar beter in geslaag om die Evangelie te versprei? Hy, wat op dieselfde peil van die swakkes gaan staan het.

Hierop word gevra: »Nà die doel bereik is, waarom dan nie letterkunde van 'n beter gehalte gelewer nie?«

Die antwoord was reeds gegee: »Omdat daar aldag nog onbevoorregtes gebore word wat aangehelp moet word.« Onttrek die hand van hulle, sê, waar kom hulle tereg? En dan ons moenie vergeet nie: *Almal* was toe nog nie gewen nie.

Deurdat die stryd al die aandag van die Genootskap geëis het, en die middele om die stryd te voer baie, baie skraal was, het die lede hul aandag aan jong kinders (sê van twaalf jaar of daar onder) nie na behoefte kon bestee nie. Dog die jong geslag bo daardie ouderdom, en wat reeds goed kon lees, het voldoende en bevredigende vermaak in *Ons Klyntji* gevind. Lewendig was hul beskrywings in later jare hoe hulle met brandende verlange uitgesien het na die dag wanneer die pos weer *Ons Klyntji* sou bring.

As ons die toestande in Suid-Afrika met sy dun bevolking in aanmerking neem, dan moet die leesstof van 'n populêre tydskrif in drie klasse verdeel word. Klas een moet lektuur verskaf vir liefhebbers van

kuns en populêre wetenskap. Klas twee moet bevat leesstof vir persone wat nie verder as Standaard VI geleer het nie. En Klas drie moet interessante verhaaltjies en beskrywings van wonderlike dinge bevat vir kinders van ongeveer twaalf jaar. Alles moet vir die spesiale doel geskrywe word; want wil iemand twee of drie voëls met één klip gooi, gebeur dit dat hy geeneen raak nie. Aan hierdie eise het *Ons Klyntji* nie voldoen nie — vir die geleerde klas lesers was geen voorsiening gemaak nie om redes reeds vermeld. Maar wat Klas twee betref was die uitwerking pragtig en ons geniet vandag nog die vrugte daarvan — want dit het van die jonger geslag uit daardie dae voorstanders gemaak wat die Tweede Taalbeweging so geesdriftig opgevat het.

Enige Afrikaanse tydskrif is baie afhanklik van die plattelandse lesers. Die dorpinge is te na aan boekwinkels waar enige soort tydskrif, vir allerlei doeleindes, goedkoop aangebied word; terwyl hul daarin meer vind as wat 'n Afrikaanse tydskrif hom kan verskaf. Gevolglik, in die algemeen geneem, het hul nie die belangstelling in die Afrikaanse blad as wat die buitebevolking het nie wat as 'n reël geen ander blaaië lees as die Afrikaanse geskrifte nie.

In kort, dié persone wat onder die Eerste Taalbeweging die pen opgeneem het, het kultuurskrywers geword en het hulle daarop alleen toegelê.
